education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN - 2007

**GESKIEDENIS V2**

**HOËR GRAAD**

**FEBRUARIE/MAART 2007**

**503-1/2**

GESKIEDENIS HG: Vraestel 2
Vraestel & Addendum

503 1 2A HG

**Punte: 200**
**Tyd: 3 uur**

**Hierdie vraestel bstaan uit 8 bladsye en 'n ADDENDUM van 14 bladsye.**

X05

*Kopiereg voorbehou*

GAUTENG

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur voordat jy besluit watter vrae beantwoord gaan word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.
2. AFDELING A bestaan uit SES opstelvrae.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.
4. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord nie.
5. Jy word toegelaat om EEN opstelvraag en EEN brongebaseerde vraag uit dieselfde tema te beantwoord.
6. Beantwoord VIER vrae:

    6.1 Minstens EEN moet 'n opstelvraag wees en minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees.

    6.2 **JY MOET MINSTENS EEN VRAAG UIT DIE VERPLIGTE TEMA BEANTWOORD: *AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU* (ÓF 'N OPSTELVRAAG ÓF 'N BRONGEBASEERDE VRAAG).**

7. Vrae en onderafdelings van vrae moet duidelik en korrek genommer wees.
8. Tyd toegelaat vir die vraestel moet effektief in die beantwoording van die vrae gebruik word, verkieslik ongeveer 40 minute per vraag.
9. Die blote oorskryf van bronne in die beantwoording van vrae sal kandidate benadeel.
10. Skryf duidelik en leesbaar.

## AFDELING A: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as DRIE vrae uit hierdie afdeling nie.

### VRAAG 1: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

Beantwoord óf VRAAG 1A óf VRAAG 1B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

**VRAAG 1A**

Nasionale onafhanklikheid sou slegs 'n verlangse droom vir die kolonies in Afrika gebly het as dit nie vir die ontwikkeling van Afrika Nasionalisme na die Tweede Wêreldoorlog was nie.

Stem jy saam met hierdie stelling? Staaf jou argument. **[50]**

**OF**

**VRAAG 1B**

Uitdagings wat na onafhanklikheid deur die nuwe onafhanklike Afrika-state ervaar is, het gespruit uit die nalatenskap van die Europese koloniale regering.

Stem jy saam? Ondersoek die stelling krities. **[50]**

### VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN SOWJET-RUSLAND

Beantwoord óf VRAAG 2A óf VRAAG 2B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

**VRAAG 2A**

Lenin was 'n beroemde rewolusionêr toegewyd aan die saak van die Kommuniste. Hy het vas geglo dat die instelling van kommunistiese beginsels in Rusland die land sou hervorm tot 'n groot industriële moondheid

Met verwysing na bogenoemde, verduidelik tot watter mate Lenin suksesvol was om Rusland 'n suiwer kommunistiese staat en 'n groot industriële moondheid vanaf 1917 tot 1924 te maak. **[50]**

**OF**

**VRAAG 2B**

In 'n buitengewone tydperk van tien jaar, tussen 1928 en 1938, het Josef Stalin die inwoners van Sowjet-Rusland deur die mees snelle en verreikende veranderinge in hul lewenswyse geforseer as wat enige ander volk in die geskiedenis moes aanvaar en aan deelneem.

(Uit: Howarth, T.: *The World Since 1900*)

In die lig van bostaande bewering, lewer krities kommentaar op die veranderinge wat deur Stalin ingestel was en toon tot watter mate dit 'n uitwerking in Rusland in die tydperk 1928 tot 1938 gehad het. **[50]**

**VRAAG 3: DIE OPKOMS VAN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA**

Beantwoord óf VRAAG 3A óf VRAAG 3B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

**VRAAG 3A**

Die Groot Depressie van 1929 het getoon dat Republikeinse kapitalisme in Amerika misluk het.

Evalueer die geldigheid van hierdie stelling deur die gebeurtenisse wat tot die Groot Depressie gelei het en die uitwerking daarvan te ondersoek. **[50]**

**OF**

**VRAAG 3B**

'Verligting, herstel en hervorming' was die vernaamste pilare van die 'New Deal'-Beleid.

Stem jy saam? Bespreek krities. **[50]**

## AFDELING B: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM.

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WATTER FAKTORE HET TOT DIE STIGTING VAN DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE) GELEI?

Gebruik Bronne 4A en 4B om die volgende vrae te beantwoord:

4.1.1 Deur Bron 4A en jou eie kennis te gebruik, lewer kommentaar op die belangrikheid dat die plakkaat in Ghana getoon word. (2 x 2)(4)

4.1.2 Waarom dink jy is die opskrif 'Afrika moet verenig' in Bron 4A betekenisvol? (1 x 2)(2)

4.1.3 Met verwysing na Bron 4B, verduidelik waarom daar twee Pan-Afrikanistiese groepe was. (2 x 1)(2)

4.1.4 Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 4B vir 'n historikus wat die faktore wat tot die stigting van die OAE gelei het, bestudeer. (2 x 2)(4)
**(12)**

### 4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID OM SY DOELSTELLINGS TE BEREIK?

Gebruik Bronne 4C, 4D en 4E om die volgende vrae te beantwoord:

4.2.1 Gebruik Bron 4C en jou eie kennis en evalueer die rol van die OAE in die oplossing van die Marokkaanse-Algerynse grensgeskil. (2 x 2)(4)

4.2.2 Verduidelik die beperkings van Bron 4C vir 'n historikus wat die rol van die OAE bestudeer. (2 x 2)(4)

4.2.3 Watter verskille toon Bronne 4C en 4D omtrent die OAE? (2 x 2)(4)

4.2.4 Verwys na Bron 4D. Lewer kommentaar op die akkuraatheid van die stelling: ‘dit het ontaard in 'n klub van diktators. (2 x 2)(4)

4.2.5 Watter boodskap word deur die spotprenttekenaar in Bron 4E oorgedra? (3 x 2)(6)

4.2.6 Verduidelik die bruikbaarheid van Bron 4E om die rol van die OAE in Rhodesië te verstaan. (2 x 2)(4)

4.2.7 Gebruik Bronne 4C, 4D, 4E en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van 12 reëls (ongeveer 120 woorde) waarin jy verduidelik waarom die OAE later beskou was as 'n omstrede organisasie in Afrika. (12)

**(38)**

**[50]**

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 WAS DAAR REGVERDIGING VIR DIE BESETTING VAN OOSTENRYK?

Gebruik Bronne 5A, 5B , 5C en 5D om die volgende vrae te beantwoord:

5.1.1 Verwys na Bron 5A.

(a) Wat word geïmpliseer met die stelling: 'die hele geskiedenis van Oostenryk is slegs een ononderbroke daad van verraad'? (2 x 2)(4)

(b) Hoe bring hierdie bron die karakter van Hitler as 'n Nazi Fűhrer na vore? (1 x 2)(2)

(c) Verduidelik die bruikbaarheid van die bron vir 'n historikus wat Hitler se motiewe vir die besetting van Oostenryk bestudeer. (2 x 2)(4)

(d) Gebruik die bron en jou eie kennis van die tydperk, bespreek kortliks die redes waarom Schuschnigg toegegee het aan die eise van Hitler. (2 x 2)(4)

5.1.2 Gebruik Bron 5B.

(a) Verskaf bewyse uit die bron wat daarop dui dat Mussolini nie gekant was teen die besetting van Oostenryk nie. (1 x 2)(2)

(b) Verduidelik of die spotprenttekaar Hitler se verbreking van die Verdrag van Versailles ondersteun. (1 x 2)(2)

(c) Waarom dink jy word Oostenryk as "regverdigde wild' in die spotprent behandel? (2 x 2)(4)

5.1.3 Verduidelik, met verwysing na Bron 5C, of jy dink daar regverdiging was om die Anschluss te vier. (1 x 3)(3)

5.1.4 Vergelyk Bronne 5B en 5C. Waarom dink jy bied elk 'n verskillende standpunt ten opsigte van die Anschluss aan? (2 x 3)(6)

5.1.5 Verwys na Bron 5D.

(a) Identifiseer die verskille tussen die twee standpunte in Bron 5D? (2 x 2)(4)

(b) Watter standpunt is volgens jou korrek en verduidelik waarom? (1 x 3)(3)

5.1.6 Deur al die bronne en jou eie kennis te gebruik, skryf 'n paragraaf van ongeveer 12 reëls (ongeveer 120 woorde) vir jou skooltydskrif waarin jy verduidelik of die optrede van Hitler teen Oostenryk verdedig kan word. (12)

**[50]**

## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGS EN GEBEURE: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 HOE WAS VREDE IN EUROPA GEDURENDE DIE KOUE OORLOG BEDREIG?

Gebruik Bronne 6A, 6B, 6C, 6D en 6E om die volgende vrae te beantwoord:

6.1.1 Verwys na Bron 6A.

(a) Wat was die hoof rede vir Churchill se gevoel van 'diepe angs'? (2 x 1)(2)

(b) (i) Verduidelik in jou eie woorde wat Churchill bedoel het met ' 'n Ystergordyn word neergetrek oor hul front'. (2 x 2)(4)

(ii) Deur jou eie kennis te gebruik verduidelik die betekenis van hierdie stelling deur Churchill 'n week nadat Duitsland deur die Geallieerde Moondhede verslaan is. (1 x 2)(2)

6.1.2 Bestudeer Bron 6B. Verduidelik of Stalin se redes vir die instelling van regerings wat lojaal teenoor die Sowjet-unie is, regverdig kan word. (1 x 2)(2)

6.1.3 Verwys na Bronne 6A en 6B. Wat is die verskille ten opsigte van Oos-Europa soos uitgespreek deur Churchill and Stalin? (2 x 2)(4)

6.1.4 Bestudeer Bron 6C. Wat, volgens die standpunt van die spotprenttekenaar, het nasies na mekaar gedryf om die Atlantiese Verdrag te vorm? (1 x 2)(2)

6.1.5 Bestudeer Bronne 6A en 6C. Hoe ondersteun die voorstelling in Bron 6C die mening van Churchill in Bron 6A? (2 x 2)(4)

6.1.6 Met verwysing na Bronne 6C en 6D, bespreek kortliks die stigting van die Atlantiese Verdrag en hoe, volgens jou mening, kon dit die verdeling en wantroue in Europa vererger het. (2 x 3)(6)

6.1.7 Vergelyk Bronne 6B en 6D. Wat is die ooreenkomste en verskille tussen die Sowjet-unie (Bron 6B) en die NAVO lande (Bron 6D) ten opsigte van toekomstige beveiliging? (3 x 2)(6)

6.1.8 (a) Bestudeer Bron 6E. Lewer kommentaar op die voorstelling van die leërgeneraals. (1 x 2)(2)

(b) Waarom dink jy word spesiale aandag aan generaal Eisenhower in die spotprent gegee? (1 x 2)(2)

6.1.9 Ondersoek Bronne 6C en 6E. Bespreek kortliks die partydigheid en beperkings van hierdie bronne. (2 x 2)(4)

6.1.10 Deur die inligting in al die bronne en jou eie kennis te gebruik, skryf 'n paragraaf van ongeveer 10 reëls (ongeveer 100 woorde) en verduidelik wat jy as 'n bedreiging vir vrede in Europa gedurende die Koue Oorlog beskou. (10)

**[50]**

**TOTAAL: 200**

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM
# HOËR GRAAD
# FEBRUARIE/MAART 2007

X05

Kopiereg voorbehou


GAUTENG

## VRAAG 4: AFRIKA IN DIE TWINTIGSTE EEU

### 4.1 WATTER FAKTORE HET TOT DIE STIGTING VAN DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE) GELEI?

**BRON 4A**

Hierdie plakkaat het in Ghana verskyn nadat dit die eerste land suid van die Sahara geword wat onafhanklikheid in 1957 verkry het. Die plakkaat bevorder die ondersteuning van die ideale van Pan-Afrikanisme.



**BRON 4B**

In hierdie uittreksel word die ideale rakende Afrika-eenheid van die twee mededingende Pan-Afrikanistiese groepe verduidelik. Dit is geneem uit die boek *Geskiedenis vir Vandag.*

Die OAE het die twee mededingende Pan-Afrikanistiese groepe – die Casablanca en Monrowiese groepe verenig. Die eersgenoemde groep wou 'n sterk federale unie van onafhanklike Afrika-state hê, terwyl laasgenoemde 'n los verbinding wat sake van gemeenskaplike belang sou koöpereer, verkies het. Beide groepe het hul beroep op die erfenis van Pan-Afrikanistiese denke wat sedert 1900 ontwikkel het. Hierdie beweging het deur hulle kongresse op die eenheid van alle swartes, binne en buite Afrika aangedring; veldtogte teen rassisme geloods; namens koloniale Afrikane gepraat en op die vryheid van Afrika aangedring.

**4.2 HOE SUKSESVOL WAS DIE ORGANISASIE VIR AFRIKA-EENHEID (OAE) OM SY DOELSTELLINGS TE BEREIK?**

**BRON 4C**

In hierdie uittreksel deur Basil Davidson uit *Modern Africa*, (1999), verduidelik hy die rol van die OAE in die oplossing van konflik.

'n Klein oorlog het tussen Marokko en Algerië in Oktober 1963 uitgebreek. Die oorsaak hiervan was 'n grensgebied van Algerië wat deur Marokko geëis word. Die OAE het as mediator opgetree en het 'n skietstilstand teweeggebring en in Februarie 1964, 'n vredesooreenkoms bewerkstellig. Beide kante het hieruit gebaat en het ooreengekom om die mineraalneersettings in Tindouf in Algerië ekonomies te ontwikkel. Maar dit het nie Marokko tevrede gestel nie. Die OAE moes hul vredespogings voortsit. Hulle pogings is met sukses bekroon met 'n nuwe ooreenkoms in Mei 1970. Ander soortgelyke geskille is opgelos; en die OAE het homself as 'n waardevolle vredesinstrument bewys.

Kopiereg voorbehou


## BRON 4D

Die volgende kommentaar van James Karioki, Professor van Internasionale Verhoudings en hoof van die *African Renaissance* Agentskap, het in die *Sunday Times* van 25 Mei 2003 verskyn. In hierdie kommentaar kritiseer hy die OAE vir sy mislukking om menseregte in Afrika te beskerm.

> Aaklige misdade is in na-koloniale Afrika gepleeg. Met die oogluikende toelating van die OAE het burgerlike en militêre diktatorskappe beginsels van demokratiese landsbestuur verraai. Daar het verskriklike misbruike van menseregte in die vorm van marteling, kleptokrasie [regering deur diewe] en blatante volksmoord soos in Rwanda voorgekom.
>
> Waarom het dit alles gebeur? Die OAE het tekortgeskiet in hulle diens aan die mense van Afrika presies omdat dit nie burgerlike verteenwoordiging gehad het nie. Gevolglik het dit in 'n 'klub van diktators' ontaard wat nie die wil van die mense kon artikuleer nie. Per slot van rekening was die OAE 'n vereniging van staatshoofde.

## BRON 4E

Hierdie spotprent verwys na Rhodesië se Eensydige Onafhanklikheidsverklaring (*UDI*) van Brittanje in 1965. Die spotprent het in die Kaapstad koerant, *The Argus,* in 1969 verskyn.
Afrikaanse vertaling vir 'Organisation for African Unity' is Organisasie vir Afrika-eenheid.




Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 5: OMSTANDIGHEDE WAT TOT DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG GELEI HET

### 5.1 WAS DAAR REGVERDIGING VIR DIE BESETTING VAN OOSTENRYK?

**BRON 5A**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n bespreking tussen Hitler aan Schuschnigg, Oostenrykse Kanselier, op 12 Februarie 1938. Hitler skreeu op Schuschnigg. Die toespraak is op die vooraand van die Duitse oorname van Oostenryk gemaak.

> Die hele geskiedenis van Oostenryk is net een ononderbroke daad van verraad. Dit moet tot 'n einde kom. Ek kan jou op hierdie oomblik sê, Herr Schuschnigg, dat ek absoluut vasberade is om dit te beëindig. Duitsland is een van die Groot Moondhede en geen ander staat sal sy stem verhef as Duitsland sy grensprobleme oplos nie. Ek het alles verrig wat ek uiteengesit het om te doen, en het dalk die magtigste Duitser in die geskiedenis geword. Luister. Jy dink seker nie dat jy 'n enkele klip in Oostenryk kan versteur sonder dat ek die volgende dag daarvan te hore kom nie, of hoe? Jy kan nie werklik glo dat jy my kan keer nie, of my selfs vir 'n halfuur kan vertraag nie, of hoe?

**BRON 5B**

Die volgende spotprent, geneem uit die Britse tydskrif *Punch*, 23 Februarie 1938, verwys na die besetting van Oostenryk deur Hitler. Hitler dra 'n dier terwyl Mussolini met hom praat.
Die opskrif van die spotprent lees GOEIE JAGTOG.

Afrikaanse vertaling van byskrifte:
Stricty preserved - Streng voorbehou
Austrian Integrity - Oostenrykse Integriteit
Mussolini: "All right , Adolf – I never heard a shot" - Mussolini: " Dis reg Hitler – ek het nooit 'n skoot gehoor nie"




GOOD HUNTING
Mussolini: "All right, Adolf – I never heard a shot"

**BRON 5C**

Dit is 'n plakkaat wat die Anschluss (1938) vier. Die figure simboliseer die bymekaarkoms. Die opskrif lees: 'Mens tot mens en bloed tot bloed'. 'Jou ja vir die Führer!'



**BRON 5D**

Hierdie is twee standpunte oor die Anschluss:

STANDPUNT 1:

Dit is wat William Shirer, 'n Amerikaanse joernalis, in sy dagboek geskryf het (*Berlin Diary,* gepubliseer in 1941).

Op 'n vliegtuig: 12 Maart 1938

Wenen was skaars herkenbaar vanoggend. Swastika-vlae het van feitlik elke huis gewapper. Waar het hulle dit so vinnig gekry? Ek het die oggendkoerante in Berlyn gekoop. Wonderlik! Goebbels op sy beste, of slegste! Hitler se eie nuusblad hier op my skoot. Sy skreeuende [hoofopskrif] oor die hele bladsy een: DUITS-OOSTENRYK GERED VAN CHAOS. Asook 'n ongelooflike verhaal waarin [kommunistiese] wanorde beskryf word in die strate van Wenen gister, gevegte, skote wat geskiet was, plundering. Dit is 'n volslae leuen. Maar hoe sal die Duitse inwoners weet dat dit 'n leuen is?

STANDPUNT 2:

Dit is wat 'n Duitse vrou in haar dagboek geskryf het (*Nazi Lady*, gepubliseer in 1978).

12 Maart 1938

Ons het Oostenryk binnegeval – die koerant sê dat die kommuniste plunder en skiet in Wenen. Goebbels het oor die radio gepraat. Ek is opgewonde, en so is almal hier. Die Oostenrykers verwelkom ons troepe met vreugde.

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 6: INTERNASIONALE VERHOUDINGS EN GEBEURE: DIE KOUE OORLOG

### 6.1 HOE WAS VREDE IN EUROPA GEDURENDE DIE KOUE OORLOG BEDREIG?

**BRON 6A**

Die volgende is 'n uittreksel uit 'n boodskap wat deur Winston Churchill (Britse Eerste Minister) aan President Truman van die Verenigde State van Amerika op 12 Mei 1945 gestuur is – minder as 'n week na die Geallieerde Magte vir Duitsland verslaan het. Dit is geneem uit *The Truman Administration : A Documentary History*, geredigeer deur Bernstein en Matusow en gepubliseer in 1966.

| |
|---|
| Wat is veronderstel om met Rusland te gebeur? Ek het altyd vir vriendskap met Rusland gewerk, maar nes jy, voel ek diepe angs as gevolg van ... die kombinasie van Russiese mag en die gebiede onder hulle beheer of besetting, gekoppel aan die Kommunistiese tegniek in vele ander lande, en bo alles hulle vermoë om baie groot leërs in die veld te hou vir lang tydperke. Wat sal die posisie in 'n jaar of twee wees, wanneer die Britse en Amerikaanse troepe saamgesmelt het ... wanneer ons miskien net 'n handvol divisies sal hê ... en wanneer Rusland mag besluit om twee tot drie honderd op aktiewe diens te behou?<br>'n Ystergordyn word neergetrek oor hulle front. Ons weet nie wat daaragter aangaan nie. Dit lyk asof daar min twyfel bestaan dat al die gebiede oos van die Lübeck-Trieste-Corfu-lyn binnekort heeltemal in hulle hande sal wees. |

**BRON 6B**

'n Uittreksel uit 'n toespraak wat Stalin in Maart 1946 gelewer het waarin hy reageer op 'n toespraak van Churchill en waarin hy sommige redes skets vir die optrede van die Sowjet-unie in Oos-Europa. Dit is geneem uit *The Origins of the Cold War* deur M. McCauley.


Die volgende omstandighede moet nie vergeet word nie. Die Duitsers het die Sowjet-unie deur Finland, Pole, Roemenië, Boelgarye and Hongarye binnegeval. Die Duitsers kon hulle inval deur hierdie lande loods omdat, op daardie tydstip, regerings wat gekant was teen die Sowjet-unie in daardie lande regeer het. As gevolg van die Duitse inval het die Sowjet-unie groot verliese gelei in die gevegte teen die Duitsers, en ook deur die Duitse besetting en die deportasie van Sowjet-burgers na Duitse verslaafdheid, 'n totaal van omtrent sewe miljoen mense. Met ander woorde, die Sowjet-unie se lewensverliese was menigmale soveel groter as dié van Brittanje en die Verenigde State van Amerika saam. Daar is miskien in sommige dele 'n begeerte om van hierdie kolossale [groot] opofferings van die Sowjet-mense wat die bevryding van Europa van Hitler se oppressie bewerkstellig het te vergeet. Maar die Sowjet-unie kan nie hiervan vergeet nie. En wat is dus so verbasend oor die feit dat die Sowjet-unie, angstig oor sy toekomstige veiligheid, probeer om toe te sien dat regerings wat lojaal is in hulle houding teenoor die Sowjet-unie in hierdie lande moet bestaan? Hoe kan enige een, wie nie van sy sinne beroof is nie, hierdie vreedsame aspirasies van die Sowjet-unie as uitbreidingstendense van ons staat beskryf?

Kopiereg voorbehou 

**BRON 6C**

Hierdie spotprent het in *The Baltimore Sun,*'n Amerikaanse koerant, in Julie 1949 verskyn. Dit is 'Onopsetlike Cupido' getitel. Cupido is 'n karakter in Griekse mitologie wie blykbaar minnaars bymekaar bring as hy hulle met sy pyltjies skiet. Stalin word hier voorgestel as Cupido. Die lande wat die Atlantiese Verdrag gesluit en die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) gestig het word as die 'minnaars' voorgestel.

Afrikaanse vertaling: ATLANTIC PACT – ATLANTIESE VERDRAG




Pas getroud

**BRON 6D**

Op 4 April 1949 het 'n groep lande (Die Westerse Geallieerdes) die Noord-Atlantiese Verdrag onderteken waarin hulle ooreengekom het om 'n nuwe militêre verdedigingstruktuur te stig wat hulle veiligheid sal bewaar.
Die volgende uittreksel is geneem uit dié Verdrag.

Die lande wat hierdie verdrag onderteken het (België, Kanada, Denemarke, Frankryk, Ysland, Italië, Luxemburg, Nederland, Noorweë, Portugal, Verenigde Konigryk en die Verenigde State van Amerika) hervestig hulle geloof in die doelstellings en beginsels van die Handves van die Verenigde Nasies en hulle begeerte om in vrede met alle nasies en alle regerings te leef.


Hulle is vasberade om die vryheid, gemene erfenis en beskawing van hulle nasies te beskerm wat op die beginsels van demokrasie, indiwiduele vryheid en die oppergesag van die reg gegrond is.

Hulle beoog om stabiliteit en welstand in die Noord-Atlantiese gebied te bevorder ....

Die lande stem ooreen dat 'n gewapende aanval op een of meer van hulle in Europa of Noord-Amerika beskou sal word as 'n aanval op almal; gevolglik stem hulle saam dat, indien so 'n aanval sou plaasvind, elkeen van hulle ... die land of lande wat aangeval word sal bystaan deur onmiddellik, afsonderlik en gesamentlik met ander lande, optrede wat hulle noodsaaklik skat, insluitend die gebruik van gewapende mag sal neem om die sekuriteit van die Noord-Atlantiese gebied te herstel en behou.

## BRON 6E

Hierdie spotprent wat die Noord-Atlantiese Verdragsorganisasie (NAVO) se voorneme illustreer het in 'n Sowjet-koerant in 1952 verskyn. Die NAVO-lande word deur die verskeie weermaggeneraals voorgestel, met Generaal Eisenhower van die VSA op die regterkant van die spotprent



**ERKENNINGS**

Uittreksels en visuele bronne wat in hierdie addendum gebruik is, kom onder andere uit die volgende publikasies:

Bottaro, J. and Visser, P. 1999 *In Search of History Grade 12,* Cape Town: Oxford
Brockman, J. 1986 *Italy and Mussolini*, New York: Longman
Boyce, A.N. 1974 *Europe and South Africa Part 2 A History for Std 10,* Cape Town: Juta
Condon, C. 1994 *The Making of the Modern World,* Melbourne: Macmillan
Craig, G.A. 1972 *Europe since 1914*, USA The Dryden Press
Culpin, C. 1998 *GCSE Modern World History,* London: Collins Educational
Desmond, G. 1968 *Mussolini and Fascist Era*, Great Britain: Cox & Wyman
Downing, T. & Isaacs, J. 1998 *Cold War,* London: Batam Press
Heater, D. 1992 *Our world this century*, Oxford: Oxford
Hodgkin, T. 1957 *Nationalism in Colonial Africa,* New York: University Press
Hills, K. 1991 *Take Ten Years 1940*, London: Evans Brothers Ltd
Lancaster, T. & S. 1994 *The era of the Second World War,* London: Causeway Press Ltd
Leeds, C. 1972 *Italy and Mussolini,* London: Wayland Publishers
O'Callaghan, B. 1996 *A History of the Twentieth Century*, New York: Longman
Pape, J. et al 1998 *Making History Grade 12*, London: Heineman Publishers
Patrick, J. & Buzan, T. 1997 *GCSE Modern World History,* London: Hodder & Stoughton
Pearson, E. 1975 *Hitler's Reich*, London: Harrop & Co. Ltd.
Prockter, R. 1970 *Nazi Germany,* London: The Bodley Head Publishers
Sauvain, P. 1997 *Germany in the Twentieth Century,* Stanley: Thornes
Scott, J. 1989 *The World Since 1914,* Oxford: Heineman
Seleti, Y. (Editor) 1999 *Looking into the Past Grade 12*, Cape Town: Maskew Miller Longman (Pty) Ltd
Sellman, R.R. 1970 *An Outline Atlas of World History,* London: Edward Arnold Publishers
Speed, P. & M. 1986 *The Modern World,* Somerset: Oxford
Walsh, B. 1996 *Modern World History, London:* John Murray Publishers Ltd
Wilson, D.A. No date *Peoples, Revolutions, and Nations,* No place: Evan